ng kerk weltevreden lewe vir die stad

**Gemeentebrief April 2021**
**Ds Kobus Sandenbergh**

**'n Provita of 'n sny vars ciabatta vir jou?**

*Brood is Groot!* Wit of bruin, soetsuurdeeg, ciabatta of 'n gesondheidsbrood. Elkeen van ons het 'n smaak of 'n voorkeur. Watter een kies jy?

Brood is ook 'n stapelvoedsel vir baie mense of ten minste padkos vir die dag. Ons kan moeilik daarsonder klaarkom, daarom sê ons iets is broodnodig!

Brood is ook simbolies. Daar is 'n spreekwoord wat lui: Wie se brood 'n mens eet, die se woord 'n mens spreek! Die lojaliteit om die hand wat jou brood gee, te respekteer.

In die "Ons Vader" nooi die Vader ons uit om vir ons daaglikse brood te bid. Soos een van ons vroeë gemeentelede, oom Jaap Joubert, jare terug vir my gesê het, as jy dit so bid, kry jy elke dag vars brood!

Maar brood bly nie altyd vars nie, veral suurdeegbrood muf en word hard. Daarom die Here se opdrag om met die viering van die Pasga ongesuurde brode te bak. Dit hou langer, maar die Provitas smaak nie so goed soos 'n varsgebakte brood nie. Met Goeie Vrydag se nagmaal, vier ons ook die nuwe bevryding wat Jesus aan die kruis vir ons bewerk het. Die wyn wat hulle vir Sy dors aangebied het, was suur en Sy lyding pynlik en ondraaglik. So het Hy vir ons die lewende brood geword waardeur ons steeds gevoed word.

Die brood wat ons as gemeente breek en die soetwyn wat ons drink, is kommunikasie sonder woorde. Ons sintuie wat kan sien, hoor en proe help ons om die boodskap op 'n dieper wyse te ervaar. Die Here is bý ons as ons soms droë brood moet eet, maar Hy seën ons ook met vars brood vir elke dag. Hy vermeerder soms ons brood sodat ons dit kan uitdeel aan ander wat honger is, as 'n daad van Sy liefde en ons dankbaarheid.

Daar is tye wanneer ons op reis is, in transito. Waar jy soos die Israeliete jou moet losmaak van die verlede en op pad is na die land wat God belowe het. Dit gebeur met almal in die verskillende fases van ons lewens. Ons as gesin is ook op pad na 'n nuwe fase van ons lewe, wat soms "aftrede" genoem word.

Dit is vir ons moeilik om Weltevreden agter te laat, maar ons het baie padkos van herinneringe en verskillende brode wat ons saam geëet het, bv. al die begrafnis-broodjies oor 34 jaar. 'n Gemeentelid het ook vir my 'n suurdeegplantjie gegee en geleer om so brood te bak. Jy gebruik van die plantjie as jou gis om 'n brood te bak, maar jy maak ook altyd 'n nuwe plantjie vir die volgende brood. Ons gaan opgewonde weg omdat ons met mekaar "plantjies" van die Lewende Brood kon deel en kon sien hoe die

Gees ons harte brandend maak. Hoe dit versprei het na Mosambiek en die stad rondom ons. Baie dankie vir julle vreemde gasvryheid om ons in julle harte en lewens in te nooi en die lewe in Christus saam te vier. Mag die Lewe wat Weltevreden vir en in die stad bring, net dieper en verder vloei!

**Kobus, Linda en gesin**